

28 Oktober

Skrifgedeelte: Hooglied 4:12-16 en 8:5b-14

### Koester die liefde

Deur die hele Hooglied word die beminde bruid vergelyk met 'n ommuurde tuin met 'n fontein daarin. Dié tuin, met al die wonderlike vrugte daarin en die fontein, is net vir gebruik deur die een "eienaar". So sien die bruid haar ook as die tuin en fontein waarvan net haar beminde mag en kan geniet (En lees gerus hoe mooi die liefdespel hier uitgebeeld word!).

Die liefde is mooi! Die lied wat hier deur die bruid en die bruidegom gesing word, is 'n antwoord op die feit dat hulle weet dat hulle – en net hulle – vir mekaar bedoel is.

Hier staan dan ook dat die liefde so sterk is soos die dood en dat strome water die liefde nie kan blus nie en riviere dit nie kan afkoel nie. Al wil iemand vir die liefde al die rykdom in sy huis betaal, hy sal daarvoor uitgelag word.

Julle staan as getroudes voor God. Die liefde wat vir mekaar in julle harte brand moet gekoester word. Julle moet dit oppas. Kyk mooi daarna. Vertroetel dit. Dink daaraan en praat daarvoor. Julle moet daarmee maak soos jy met iets kosbaars maak.

Dit maak nie saak watter strome water oor julle aangestroom kom om hierdie vuur te blus nie – hierdie liefde moet brandend gehou word. Die liefdesvuur wat die Here in julle aangesteek het, moet dwarsdeur julle lewe aangeblaas en aangepak word. En wees getroos: die Here sal julle die hulp en die genade daartoe gee deur sy Gees. Bid daarvoor en leef in afhanklikheid aan Hom hieroor. Hy is getrou.

*Sing: Psalm 20:1,4,5*

*Ds GC Verhoef (Wierdapark)*